# 109 Ek wil die Here loof en prys




Ek wil dit wyd en syd vertel:  
Die Here sorg vir my.  
Hy het dit in sy woord beloof -  
net Hy is God vir my.  
In angste, laste, sorge,  
in vreugde en in rou  
kan ek sy waarborg steeds onthou:  
jou herder sorg vir jou.

Ek wil die Here loof en prys  
solank ek asemhaal.  
Ek wil my dank en eer bewys  
in blye jubeltaal.  
Ag, ek bly altyd maar vir Hom  
‘n arme bedelaar.  
En Hy hou aan met gee en gee;  
ek sing: Hy’s wonderbaar!

Arno Pötzch 1951/ Afr. Louwrens Strydom 1993 Melodie Erna Wolf 1959

Liedboek 208